Gereformeerde Kerk Bellville-Oos
Huisbesoek Mei 2010

Die ware kerk is 'n "*Kom !*" - sê - kerk

Inleiding

Die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos het `n besondere roeping van die Here ontvang. `n Gedeelte daarvan is vasgevang in die twee gedenkplate / hoekstene in die voorportaal van ons kerkgebou. Op beide die gedenkplate is daar 'n aanhaling uit Openbaring 22:17 "**Laat hom wat dors het, kom**" en "**die water van die lewe is verniet**." Ons wil graag in hierdie jaar weer nuut kyk na ons gemeente se gehoorsaamheid aan die beginsels van hierdie gedeeltes.

Ons vat dit saam in die tema: **Strome lewende water**
Hierdie tema is formuleer uit Johannes 7:38 en dui op die gevolge van wanneer iemand werklik sy geestelike dors by Jesus Christus kom les.
Uit hierdie Skrifgedeelte het ons ook drie aktiwiteite geïdentifiseer wat te doen het met die water van die lewe: **Kom, Drink en Vloei.**

Ons gaan tydens hierdie jaar se huisbesoek elkeen van hierdie aktiwiteite behandel.

Tydens hierdie huisbesoek gee ons aandag aan **Die ware kerk is 'n "Kom!"-sê-kerk.**

Ons God is 'n ROEPENDE GOD! Hy roep arme en verlore sondaarmense na Hom toe om by Hom rus, vrede en versorging te ontvang.

God sê KOM! In aangrypende beloftes nooi God deur die profeet Jesaja uit:
Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. [2] *Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is.* [3] *Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe.* (Jes. 55:1-3)

Jesus Christus sê KOM! In Matteus 11:28-29 vind ons 'n wonderbare samevatting van sy woorde en werke:
Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.

Die Heilige Gees sê KOM! Die Bybel eindig met 'n uitnodiging deur die Heilige Gees om te kom:
Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! (Op. 22:17)

Die ware kerk moet daarom ook 'n **KOM-SÊ-KERK** wees! Dit hou in:

- Ons moet soekende, honger, dorstige mense nooi en uitnooi om die water van die lewe by God te kom ontvang!
- Ons moet mense welkom laat voel, nader roep en tuis laat voel
- Ons optrede moet getuig: ons het tyd vir julle, hier is plek vir julle, ons gee om
- Belangrik: hier geld geen voorwaarde, vereiste of verdienste nie!
- Sedert Pinkster roep die kerk almal om te kom! Selfs vir Jesus Christus (Op. 22:20)

'n Groot swakpunt van ons gemeente is juis dat ons nie werklik altyd die **KOM** wat op ons gedenksteen staan, vergestalt nie. Dit is 'n hartseer werklikheid wat ons elkeen se dringende aandag moet kry.

Redes:

- Ons groet nie altyd 'n vreemde persoon by die kerk nie
- Ons kom na kerk vinnig in vriendekringe bymekaar en trek nie doelbewus vreemdelinge by ons in nie
- Nuwe lidmate staan dikwels alleen en teedrink – Hoe hartseer!!!
- Wyke nooi nie nuwe intrekkers om by hulle te kom tee drink of te eet nie
- Soekendes se behoeftes kom nie navore nie aangesien ons nie met hulle in gesprek tree nie

'n Ware kerk is 'n **KOM-SÊ-KERK**! Ons sal moet groei in wat die Bybel gasvryheid noem.

In die Ou Testament was dit vir gelowiges 'n saak van eer om vreemdelinge by hulle te ontvang en goed te versorg. Die rede was dat die Here vir hulle as vreemdelinge in Egipte gesorg het. Vergelyk maar die optrede van Rehuel (Eks. 2:20), Abraham (Gen. 18:1-8), Gideon (Rig. 6:11-23) en Simson se ouers (Rig. 13:3-21).

In die Nuwe Testament word gelowiges ook baie sterk opgeroep tot gasvryheid. Romeine 12:13 sê: *Lê julle toe op gasvryheid / Jaag na gasvryheid*. Hebreërs 13:2 sê: *Moenie nalaat om gasvry te wees nie*. Petrus sê aan vervolgde Christene: *Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla* (1 Petr. 4:9).

Elke oproep tot gasvryheid in die NT word gemotiveer deur God se optrede teenoor ons in Jesus Christus.

- In Romeine is dit God se *groot ontferming* oor ons in Jesus Christus
- In Hebreërs is dit die *groot offer wat Jesus Christus* vir ons gebring het.
- In Petrus is dit die *nuwe lewe* wat die Heilige Gees in ons gewerk het.

Gasvryheid beteken letterlik *om liefde vir 'n vreemdeling te hê*. Dit is om vir 'n besoeker, soekende, nuwe lidmaat of bestaande lidmaat wat ek nie ken nie, te sê: KOM! KOM na my en beleef die gemeenskap van die gelowiges, beleef die liefde en sorg van die Here deur my! Ek beleef die KOM-liefde en sorg van die Here en wil dit ook aan jou gee! Dink net watter verskil dit in ons

gemeente en in die lewens van ander kan maak as jy 'n KOM-GELOWIGE word, ons 'n KOM-GEMEENTE!

Praktykmaking:

Die Here roep met die komende Nagmaal na ons elkeen en sê KOM!!! Wat 'n genade en seën is dit nie!
Hoe gaan ons nou verander en ook 'n KOM-lidmaat, gesin, wyk en gemeente word?

- Gesels oor hoe die lidmaat of gesin KOM-gelowiges gaan wees. Wees prakties en kry verbintenisse. Teken dit aan, gee skriftelike terugvoering op die ouderlingevergadering en kom tydens die volgende huisbesoek hierop terug
- Gesels oor hoe die wyk 'n KOM-WYK gaan wees. Wees prakties. Reël bv in oorleg met die wyksdiaken dat wykslede na Nagmaal by mekaar gaan eet.

Belangrik:

1. **Die huisbesoektema leen hom goed daartoe om u wyksdiaken saam te neem op huisbesoek. Die tema sny tog die onderlinge liefdesgemeenskap baie sterk aan.**
2. **Moet asb in die praktykmaking nie net op nuwe lidmate fokus nie maar ook op bestaande lidmate wat dalk terugetrokke van karakter is of vanweë lewensterugslae (bv. dood van 'n lewensmaat, egskeiding) weer van voor af 'n eie plekkie in die gemeente moet ontvang.**